| | |
|---|---|
| *VERSLAGWAARDIG* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER REGTERS* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER LANDDROSTE* | *JA/NEE* |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.: 364/2012***
***DATUM:03-05-2013***

In die saak tussen:

JACOB CASPER KRUGER DU TOIT APPLIKANT

teen

DEON DU PLESSIS EERSTE RESPONDENT

MIDDELERF PLAAS (EDMS) BPK TWEEDE RESPONDENT

**(Registrasie Nr: 2001/009523/07)**

**CORAM: C.C WILLIAMS R:**

# *U I T S P R A A K*

**WILLIAMS R:**

1. Uitspraak in hierdie aansoek is reeds gelewer op 29 Junie 2012. Dit het egter later aan die lig gekom dat die regsverteenwoordigers nagelaat het om my toe te spreek ten opsigte van die koste van die verrigtinge van 23 Maart 2012 wat oorgestaan het vir latere beregting. Hierdie laasgenoemde

verrigtinge het gedien voor die Regter President, en aangesien ek nie persoonlik kennis dra van die verloop van sake daardie dag nie, het die regsverteenwoordigers besluit om ‘n gesamentlike voorlegging in verband met die verrigtinge van 23 Maart 2012 in te dien wat opgevolg is met hoofde van betoog sodat hierdie uitstaande dispuut bereg kan word.

2. Die tersaaklike feite kan as volg opgesom word:

2.1 Die applikant het op 27 Februarie 2012 op ‘n dringende en *ex parte* basis die aansoek gebring waarin ‘n *bevel nisi* verleen is met keerdatum 20 April 2012.

2.2 Op 14 Maart 2012 het die respondente hulle opponerende eedsverklaring geliasseer.

2.3 Die volgende dag, 15 Maaart 2012, het die respondente, in terme van Reël 6(8) kennis gegee van die vervroeging van die keerdatum na 23 Maart 2012.

2.4 Op 16 Maart 2012 het die applikant ‘n kennisgewing in terme van Reëls 35(12) en 35(14) geliasseer waarin hy sekere dokumentasie na verwys in die opponerende eedsverklaring aanvra vir voorbereiding van die repliserende eedsverklaring.

2.5 Op 20 Maart 2012 is die dokumente versoek, soos hierbo na verwys, nog nie deur die respondente voorsien nie en het die applikant se prokureurs in die lig van onder andere die beperkte tyd oorgelaat (met inagneming daarvan dat 21 Maart 2012 'n openbare vakansiedag was), 'n skrywe gerig aan die respondente se prokureurs met die volgende voorstelle:

*"(a) Dat die aansoek Vrydag uitgestel word tot die eerste beskikbare datum wat die Hof en die partye pas.*

*(b) Dat u kliënt met in agneming van die hofdatum ons tydiglik van die Reël 35 dokumentasie voorsien.*

*(c ) Dat ons kliënt genoegsame tyd het om sy Repliek te liasseer.*

*(d) Dat die koste van Vrydag koste in die aansoek is.*

2.6 Op bogenoemde skrywe is daar dieselfde dag as volg geantwoord deur die respondente se prokureurs:

*1. Ons kliënte neem kennis van die inhoud van u telefaks. U kliënt het verkies om die Hof ex parte op 'n dringende basis te nader sonder om enige kennis hoegenaamd aan ons kliënte te gee*

*2. Ons kliënte se kennisgewing van vervroeging in terme van Reël 6(8) is met baie meer as die vereiste 24 uur kennisgewing aan u gegee.*

*3. Die dokumente soos deur u versoek in terme van Reël 35(12) en (14) is nie onontbeerlik vir die opstel van u kliënt se Repliek hierin nie.*

*4. Indien u kliënt sou toestem tot die opheffing van die bevele nisi soos toegestaan op 27 Februarie 2012 met onmiddellike werking en die perseel bekend as Central Garage, Upington onverwyld ontruim en verlaat, sal u versoek om uitstel van die aansoek op 23 Maart 2012 heroorweeg word.*

*5. Indien paragraaf 4 hierbo nie vir u kliënt aanvaarbaar is nie, sal die aansoek soos geplaas vir aanhoring op 23 Maart 2012 voortgaan,"*

2.7 Op 23 Maart 2012 het die applikant, in die afwesigheid van die dokumentasie aangevra in die Reël 35(12) en 35(14) Kennisgewing, 'n voorlopinge repliserinde eedsverklaring gelewer.

2.8 Die Regter President was egter nie bereid om die aansoek aan te hoor nie en is die saak uitgestel na die oorspronklike keerdatum van 20 April 2012 met die koste van 23 Maart 2012 oor te staan vir latere beregting.

3. Daar is aan my geen redes verskaf waarom die Regter President nie bereid was om die aansoek aan te hoor nie. In die applikant se betoogshoofde word dit gemeld dat die Regter

President nie redes gegee het nie en dat daar ook nie redes aangevra is deur enige van die partye nie.

4. Ek meen egter ek kan aanvaar, na aanleiding van die feite voorgelê, dat die Reger President van oordeel was dat die aansoek nie ryp was vir verhoor nie. Daar was nog geen antwoord op die applikant se Reël 35(12) en 35(14) versoek nie, met die gevolg dat die applikant nog nie finaal gerepliseer het nie.

5. Ek meen nie die skuld vir hierdie stand van sake kan voor die applikant se deur gelê word nie. Binne twee dae na ontvangs van die opponerende eedsverklaring is die Reël 35(12) en 35(14) kennisgewing geliasseer, terwyl die respondente ‘n week daarna op 23 Maart nog nie daarop geantwoord het nie.

6. Die respondente het natuurlik die reg gehad om die keerdatum te vervroeg, maar in ‘n geval soos die huidige waar die dringendheid toe al afgewater is soos blyk selfs uit die respondente se houding (dit het hulle twee weke geneem om die opponerende eedsverklaring te liaseer waarna daar nog ‘n week verloop het voor die vervroegde keerdatum) kan die responente nie bloot aanvaar dat die hof die aangeleentheid sal aanhoor sonder volledige stukke nie.

7. Die respondente het die keerdatum vervroeg, hulle het versuim om die aangevraagde dokumentasie te verskaf voor die vervroegde keerdatum, hulle het geweier om gehoor te gee aan die uitstelvoorstelle van die applikant, wat in die omstandighede nie onredelik was nie, en met die risiko dat die saak nie aangehoor sou word nie, die applikant op 23 Maart 2012 hof toe gebring. Na my mening is dit net reg dat die respondente verantwoordelik gehou word vir die verspilde koste van die dag.

**Die volgende bevel word gemaak.**

**Die respondente word gelas om die verspilde koste van 23 Maart 2012 te betaal.**

C.C WILLIAMS

REGTER

Nms. Applikant: Haarhoffs Ing

Nms. Respondent: Duncan & Rothman